
# KAMMA-KLETS

Kwartaal 2 | Tweede Uitgawe | 27 Julie 2025



## In Hierdie Uitgawe


- Toit's Story2
  *Eerder chaos as stilte*
- Kruistyd
- 'n Getuienis:
  *Ons word ge-nooi om te PAWS*
- Madeliefies aan die werk
- Ons heel eerste kermis 1973
- Kermis 2025
  *Van vetkoek tot vetpret*
- Egte kermis-smake
  *Gedeel deur heer-like resepte*
- Avontuurweek:
  *Van kuns,"movies" en munchies tot dans in pantoffels en boktruie*
- Oopkop ouer-skap
  *Wanneer ouerskap 'n balansaksie word*


***En Nog Meer…***

***Maak 'n draai binne – jy wil nie hierdie misloop nie!***

# DS TOIT'S STORY 2




Verbeel jou net gou: Jy sit in 'n kerkgebou sonder enige kinders. Geen baba's wat huil nie. Geen woelige kinders wat tussen die banke rondkruip nie. Geen onderlangse 'harde' gefluister nie en geen ouer wat halfpad deur die diens uitloop om vir die hoeveelste keer 'n kind badkamer toe te neem nie.

Hierdie prentjie van 'n kinderlose kerkdiens maak my bang.

Op die Sondae wat ek nie 'n getuienis lewer nie, sit ek gereeld in die babakamer (sommige noem dit die moederskamer). Dáár gaan dit lekker woelig. Die een kind se karretjie is álmal se karretjie. Die een kind se pak Flings is álmal se Flings. Ouers sal dikwels vir mekaar loer net om seker te maak of hul kind maar hierdie mag doen of nie mag doen nie. In die hoek van ons gemeente se babakamer is daar 'n bord wat lees:

WELKOM

Hier mag jy (of jou kind) huil.
Hier mag jy lag.
Hier word geen 'goeie gedrag' verwag.
Laat jou kind toe om 'n kind te wees.
Wees tog steeds oop vir 'n boodskap vanaf die GEES.
Ons is vreeslik dankbaar jy is hier.
Byt vas, dit is net 'n uur.

Liefde: Kraggakamma Gemeente

Dit is byna nooit stil in die babakamer nie en by tye wonder jy hoekom jy gekom het. Jy hoor dan nie eers die preek nie. Tog, wanneer jy huis toe vertrek, voel dit wel asof jy deel van iets was. Deel van 'n gemeenskap van ander ouers wat ook moeite probeer maak met God en geloof. Deel van 'n groep mede-min-slapers wat hulle kinders met 'n vaste fondasie wil grootmaak. En dit is wat kerk waarlik is. Die kerk is nie 'n gebou nie, dit is 'n gemeenskap. Dit is mense. Of jy nou een jaar oud of eenhonderd en een jaar oud is. Óns is die kerk.

Lees gerus lekker saam aan die nuwe uitgawe van hierdie gemeenskaplikheid. Van verskeie funksies tot ons lekker kermis van die afgelope kwartaal. Dankie vir die terugvoer na aanleiding van ons eerste Kamma-Klets uitgawe.

Hierdie bly 'n gemeentekoerantjie. Ons wil jou dus uitnooi indien jy 'n storie wil stuur of 'n verbetering wil voorstel om ons gerus te kontak by kraggakammaklets@gmail.com


















# Paasfees



**KRIP**



**KRUIS**



**KROON**














Tydens hierdie jaar se Paasfees was daar verskeie Lydenstyd-stasies in die kerksaal opgestel. ‘Stasies’ verwys na die Latynse woord wat beteken om ‘stil te staan by . . .’ Die stasies het jonk en oud uitgenooi om as’t ware in die voetspore van Jesus te loop en sodoende die grootste rede vir die viering van Paasfees te herontdek.

**Getuienisse vanaf besoekers:**

† *“Die manier waarop jy as persoon ingetrek word, maak dit so spesiaal.”*

† *“Dit was aangrypend. Elke stasie het in my hart kom spreek en my diep aangeraak. Ek wens elke mens in hierdie land kon dit beleef.”*

† *“‘n Besondere gewyde geleentheid vir stilword met God en diepe selfondersoek. Die moeite en detail word opreg waardeer.”*

† *“Ek het die deurloop diep geestelik ervaar.”*

# Maritsa se Getuienis

Op Sondag, 18 Mei, het Maritsa van Schalkwyk haar diep roerende getuienis met die gemeente gedeel – ‘n verhaal van genade, beskerming en dankbaarheid.

Op 26 Februarie 1995 het Maritsa haar belydenis van geloof afgelê. Dertig jaar later, op presies dieselfde datum - 26 Februarie 2025 - was sy betrokke in ‘n ernstige motorongeluk. Hierdie gebeurtenis het haar lewenspad ingrypend verander.

Terwyl sy in die hospitaal herstel het, het Psalm 91 drie keer op unieke maniere oor haar pad gekom as ‘n bevestiging van God se teenwoordigheid en beskerming. ‘n Oud-kollega het vir haar ‘n sagte speelding gebring: ‘n wit en rooi hondjie wat sy PAWS gedoop het. Hierdie speelding het simbolies geword van haar pad van genesing.








Ironies genoeg is dit dieselfde paramedikus wat eerste op die toneel van die ongeluk opgedaag het, wat ‘n paar weke later ook by haar huis opdaag as gevolg van ‘n noodgeval met haar pa.

Na weke se herstel en die wete dat sy net-net die dood vrygespring het, het Maritsa besef dat elke asemteug ‘n geskenk is. Sy het besluit om haar lewe te leef met ‘n bewuste houding van dankbaarheid en om gereeld te **PAUSE:**

**P – Prys die Here**

**A – Altyd**

**U – Uit my hart uit**

**S – Sterk in die krag van God**

**E – Ewige Lewe**

Deur haar ervaring het Maritsa ‘n boodskap van hoop en geloof aan ons almal gebring: om stil te staan, te kyk na wat werklik saak maak en om God te vertrou – selfs in die donkerste oomblikke.


# Protea Place of Safety

Op Sondag, 13 April, het ons Graad 1 tot 3 kategesemaats saam met hul ouers ‘n spesiale uitreik na **Protea Place of Safety** in Forest Hill onderneem. Die geliefde Rufus die beer het saamgekuier en daar is gesing, gespeel en gelag.

Tannie Roenet het die ware betekenis van Paasfees op ‘n eenvoudige en mooi manier oorgedra, waarna paaseiers uitgedeel is. Die kinders en volwassenes het heerlik saam tyd spandeer in ‘n atmosfeer van liefde en vreugde.

‘n Groot dankie aan Yolandi van der Merwe wat die uitreik gereël het.

Indien jy belangstel om by die Protea Place of Safety betrokke te raak of dalk ‘n bydrae wil maak, kontak gerus vir Yolandi (084 705 2714).







# ‘n Reis na Onthou – Fonteinvriende se Vintage Funksie



In ‘n tyd waar herinneringe kosbaar en saamwees gesog is, het die Fonteinvriende op 15 Mei weer ‘n spesiale geleentheid geskep vir hulle kwartaallikse funksie vir afgetredenes. Met die tema “Onthou jy nog?” het Francois & Elizabeth ‘n sangfunksie aangebied wat nie net hartlik nie, maar ook nostalgies was – ‘n reis na gister.

Die vintage tema was ‘n groot treffer, met uitrustings wat herinner het aan vervloë dekades: hoede, kantrokke en brokaatjas het die atmosfeer van vervloë tye lewendig gemaak.

Gaste van die Patmos-gemeente het ook saam gekuier, wat die dag nóg meer spesiaal gemaak het.

Die geleentheid het nie net visueel bekoor nie, maar ook ‘n gevoel van gemeenskap en verbondenheid geskep. Geselskap, lag en herinneringe het die dag gevul – ‘n ode aan die krag van herinnering en vriendskap.


Vir nuus oor toekomstige byeenkomste of om aan te sluit, kontak gerus vir Linda Rossouw (084 402 4396).











# Die Vrug van Geloof – Madeliefies se Projek van Hoop

Wat begin het as ‘n roepstem tydens die onstuimige Covid-pandemie, het ont-pop in ‘n sprankelende getuienis van geloof en gemeenskapsliefde. Die Madeliefie selgroep het nie stil gesit toe die wêreld in isolasie verval het nie. Gedryf deur Sonja Spies se Bybelstudie uit 2 Korintiërs 9:6-15, en versterk deur die Gees, het hulle besluit om ‘n verskil te maak.

Op 6 Mei 2020 het die PE Noord Kos-projek amptelik begin: kospakkies is saamgestel en afgelewer aan gesinne in nood. Willie & Gaynor Swanepoel het die praktyk met ywer en toewyding aangepak, terwyl die gemeente hulle on-dersteun met donasies van klere, speel-goed, huisraad en linne.

Hierdie daad van liefde het ‘n nuwe vriendskapsband gevorm met PE Noord en die Algoa Gemeenskapskerk – ‘n band gebou op genade en diensbaarheid.

Die Madeliefies se nederige bediening het diep spore gelaat in die gemeenskap en ontvangers se dankbaarheid het hulle geloof versterk. Die projek het nie net kos verskaf nie, maar ook hoop, menswaardigheid en ‘n herinnering dat God se Hand op elke pakkie rus.

Die Madeliefies bedank graag die gemeente vir hulle ondersteuning asook vir Niekie wat betrokke is by die fondse.

Indien jy meer wil uitvind oor selgroepe, kontak gerus vir Elizma Harmse (083 940 5617).





# Moedersdag
# -11 Mei-



*as die stormwind in my opsteek*
*draai ek na die enigste volhoubare*
*liefde wat my aanspoor om met*
*oop oë te droom en my foute*
*as wysheid te verwelkom*
*aan haar krag is daar geen einde nie*

*en haar verstaan is grensloos*
*die begin van wie ek is en die*
*einde van wie ek wil word*
*lê in die mens wie sy regdeur vir my is*

*'n anker, 'n steunpilaar, 'n ma*

-kaalwoorde-

---



# Vreugde op die Voorstoep – 'n Oggend van herlaai met Milanie Vosloo

Op Saterdagoggend, 10 Mei, het ongeveer 60 dames by Swanlake Gardens byeengekom vir 'n oggend van inspirasie en samesyn.

Die gasspreker, Milanie Vosloo, 'n bekende skrywer en geestelike mentor, het 'n kragtige boodskap gebring oor die belangrikheid van stilte en 'n dieper verhouding met God. Milanie het beklemtoon dat mens nie altyd iets hoef te doen nie – soms is dit genoeg om net in God se teenwoordigheid stil te wees. In daardie stilte lê genesing vir die siel. Die dames het selfs buite in die tuin gaan stil word as deel van die ervaring. Die tuinomgewing het bygedra tot die rustige en betekenisvolle ervaring.

Sy het die gehoor aangemoedig om tyd te maak vir innerlike rus, en het praktiese wyshede gedeel oor hoe mens in 'n besige wêreld geestelike vernuwing kan vind.

Milanie het gedeel hoe ons juis in daardie stilte verfrissing vind – 'n lafenis vir die siel wat in die rumoer van die wêreld verlore kan gaan.

Verskeie Bybelverse het deur haar gesprek geweef van God se vergifnis, getrouheid, krag en vrede. God is as ons Vredegewer uitgelig.

Een gedagte wat uitgestaan het, was dat daar dalk ompaaie in die lewe is maar dat daar nooit doodloopstrate met God is nie.

Die oggend was 'n fees vir liggaam en gees – met heerlike eetgoed soos muffins, koffie en 'n smaaklike middagete, alles in die rustige omgewing van die pragtige tuine. Die geleentheid het die dames toegerus met nuwe moed en geestelike varsheid.

'n Groot dankie aan Mariana Lourens van Swanlake Gardens, wie se gasvryheid en pragtige plek die ideale agtergrond geskep het vir hierdie besondere oggend. Dankie ook aan elke hand wat meegewerk het om van die geleentheid 'n herinnering te maak wat lank sal leef.

Vir meer inligting oor VIA of toekomstige geleenthede, kontak gerus vir Marisa van Wyk by 082 493 6258.










# Vadersdag -15 Junie-



***Pa, daar breek branders in my***
***groter as jou hande om die stories***
***van die Sondag koerant gevou***
***en daar waai 'n koue deur my***
***sterker as die winde soggens***
***op Haroldsbaai se strand***
***ek mis die son en hoe trots hy***
***op jou kon skyn,***

***en jou hart wat afdrukke gelos het op***
***alles waaraan hy raak***
***dankie vir die voorreg om***
***jou as gedagte te kan saamdra,***
***en jou lewendig in my hart te kan hou***

-kaalwoorde-

---

# 5 Dinge in 2025 wat in hierdie land vir my hoop gee



### 1. My hoop is geanker in die Here

Ek sing in die woorde van Lied 292:

*"My enigste troos in lewe en dood is dat ek aan Jesus Christus behoort. Met Sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop, dis my anker, my vaste hoop.*
*Ek behoort aan die Here, niks sal my ooit van Hom kan skei, met Sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop, dis my anker, my vaste hoop."*

### 2. Ons as kerk

Kerk beteken die "Here s'n" of "dié wat aan die Here behoort". Almal van ons, verlos uit genade, is Sy kerk. Elkeen van ons het 'n Godgegewe plek en doel. In ons huise, gemeente, gemeenskap en in die wêreld is ons, uit dankbaarheid, God se fontein van liefde.

### 3. Verhoudings tussen mense

As mens net mediaberigte lees, lyk dit of verhoudinge in ons land aan die verbrokkel is. Natuurlik is daar groot ruimte vir verbetering. My ervaring is egter dat daar op grondvlak goeie verhoudinge is. Ten spyte van ons verskille vat mense hande en wil ons van hierdie land 'n beter plek maak vir ons en ons kinders om in te woon.

### 4. Ons unieke veerkragtigheid

In ons verlede lê 'n konkoksie van gedwonge skeiding, staatskaping en Covid, om maar net 'n paar te noem. Maar ons is daar deur en ons beur vorentoe. Soos 'n rubberballetjie spring ons elke keer weer terug. Hier aan die Suidpunt van Afrika word ons deur baie dinge gebrei, maar opgee of tou-opgooi is nie deel van ons DNA nie.

### 5. Die sekerheid van ons toekoms

Wat vandag en môre en oormôre met my gaan gebeur weet ek nie. Maar ek is seker van God en Sy beloftes wat vir altyd sal vasstaan.

Ons sing hiervan in Lied 582:5.

*"Dood, wie sou skrik? Graf, wat sou my laat beef? My toekoms is gewis, want Jesus leef!"*



***-Deur Ds MG -***



# Uit die 1973-Argiewe

## -Was daar ooit só 'n dag – só 'n aand?-



Wanneer 'n nuwe gemeente uit twee moedergemeentes tot stand kom, is die gevaar wesenlik dat groepvorming kan voorkom ten koste van die verlangde eenheid in die nuwe gemeente. Dit was by Kraggakamma hoegenaamd nie die geval nie. Uit die staanspoor was daar 'n pragtige samehorigheid en daar is bewustelik gebou aan 'n eie gemeentelike eenheid.

Die afstigtingsvergadering is op 6 Maart 1973 in die saal van die Hoërskool Framesby gehou. Van die eerste Sondag af is alle eredienste in die saal van die Laerskool Sunridge gehou met sporadiese uitsonderinge wanneer die saal nie beskikbaar was nie. Dan was ons terug by Framesby.

Alle sustersbyeenkomste is by Framesby gehou. Vir 2,5 jaar was Sunridge se skoolsaal vir ons "kerk" en die personeelkamer was "konsistorie". Die sitkamer van die pastorie was die vergaderplek van kommissies en kleinere byeenkomste. Watter aangename herinneringe het 'n mens nie aan daardie beginjare nie. Elke Sondag was die saal vol, met 'n plaat motors rondom in die straat geparkeer. Die ander inwoners van hierdie woongebiede het deeglik kennis geneem dat hier 'n nuwe gemeente tot stand gekom het. 'n Lewende gemeente, mense wat hul Here met blydskap en oorgawe wil dien.

Die kategese (ja, destyds het ons Sondagskool gehou) was gerieflik gehuisves. Voor afstigting reeds het broeder Neels Steenkamp en sy helpers 'n aparte Sondagskool in Sunridge se skool behartig. Dit kon net uitgebou word. Ruimte was daar genoeg. Vir elke klas was daar 'n aparte klaskamer. Kort ná afstigting is planne begin beraam om eie geboue daar te stel. Spoedig is twee tenders aanvaar: R242 335 vir die geboue-kompleks en R35 552 vir die orrel. Die gemeente het besef dat ons geld nodig het. Baie geld.

Dit was diaken Johannes van der Merwe se voorstel dat ons 'n groot kermis moet hou. En as hy sê groot, dan bedoel hy GROOT. Aan alle moontlike stalletjies is gedink – 49 in totaal. Vir elkeen is 'n sameroeper en helpers aangewys. Ons het 'n mikpunt vir elke stalletjie gestel wat hulle moet probeer bereik. As elkeen sy mikpunt haal, sou ons R16 000 met die kermis byeenbring. Sommige het gelag en gesê ons is darem erg oor-optimisties. Ander liewe susters, wat as sameroepers aangewys is, het begin huil toe hulle agterkom ons maak nie grappies nie maar dat daardie mikpunte doodernstig bedoel is.

Van daardie oomblik af het ons mense begin inklim en alles in die stryd gewerp. Die geesdrif was aansteeklik. Elke afdeling het soos 'n sneeubal groter en groter geword. Ons mense het te min geword. Bure en vriende moes kom help - Engelse, Jode, Grieke, almal. Ek onthou nog hoe 'n Engelssprekende dame vir my gesê het: "Dit is seker lekker om aan die gemeente van Kraggakamma te behoort, want almal is so geesdriftig en hulle geniet dit so."

Toe nader die groot dag. Die skoolterrein van die Hoërskool Framesby moes in gereedheid gebring word. Stalletjies moes opgeslaan word. Arme ouderling Dirk Visser, hoof van Framesby, het nie geweet waarvoor hy hom ingelaat het toe hy toestemming gegee het dat die kermis op die terrein van sy skool gehou kon word nie.


Gelukkig is daar 'n vakansiedag – 10 Oktober 1974. Die mans is daar. Dit woel en werskaf. Hamers en sae. Pype en stellasies en sleutels en tange. Dit lag en skerts. Ek wens u kon dit sien. Mense wat dag na dag in 'n kantoor sit en al handearbeid wat hulle verrig is om 'n pen te hanteer, maar nou is hulle aan die stellasies opslaan en dik swart bokseile daaroor trek. Dit is warm. Die sweet loop hulle af. Hulle is besmeer, maar dit bly lag.

Met publisiteit het ons voluit gegaan. Weer was dit ons voorreg om kundige mense te hê wat in uitvoerende posisies staan. Tien dae lank verskyn 'n prominente advertensie in die Oosterlig. Ons mense in die perswese sorg vir nuusdekking in die Afrikaanse en Engelse koerante. Oudl. Kosie Jooste, streekdirekteur van die SAUK, sorg vir berigte oor streeknuus, Radio Goeie Hoop en In My Kontrei. Sestigduisend pamflette word gedruk.

Die Saterdag voor die kermis word 'n pamflet by elke huis in die stad se posbus geplaas - ons kinders se werk. Sondag word by al die NG Kerke in Port Elizabeth, Uitenhage en Despatch pamflette uitgedeel. Dinsdag neem elke skoolkind in Port Elizabeth 'n strooibiljet saam huis toe. Nee, die Oos-Kaap het geweet Kraggakamma hou kermis.

Wat veral mense se verbeelding aangegryp het was ons motormark waar 101 motors opgeveil sou word. Broeder Willie Nel, bestuurder van Williams Hunt, het met die aanbod gekom. Sy firma het 'n groot hoeveelheid gebruikte motors. Hy stel 'n minimum prys op elke motor. Al wat 'n motor bo die minimum op die veiling gaan, kan ons neem. Maar, o aarde, op die laaste nippertjie tree die Motornywerheidsfederasie in. Dit is teen die reëls. Hulle verbied dit. Krisis! Op die end het ons by die minister gaan draai en gelukkig darem toestemming gekry.

***Vervolg op volgende bladsy***



Dit was besige dae. Ons mense het begin oorstuurs raak. Johannes van der Merwe wou die dag se datum op 'n briefhoof skryf - hy skryf toe 'n R voor die datum! Oudl. Martin Nel wou by sy huis aan tafel seën vra: Toe elkeen sy hoof buig en oë sluit, sê hy sy telefoonnommer op!

Vrydagaand, 11 Oktober: Die mense begin aanstroom. Diaken Stoppie Stopforth het die aand 'n verskeidenheidskonsert gereël. Om kleur aan die geleentheid te gee het hy spesiaal die bekende sanggroep, Groep Twee, van Johannesburg laat kom. Hy is lughawe toe om hulle te gaan haal. Die saal word al hoe voller. Toe kom die berig: Die vliegtuig is vertraag en die mis sak toe. Hulle twyfel of die vliegtuig sal kan land. Nogmaals 'n krisis. Gelukkig daag hulle op nommer laaste op. Mense staan by die deure en sukkel om nog plek te kry. Ons moet die kinders vra om voor op die vloer te sit sodat die grootmense plek kan kry. Lekker om so iets te vra. En toe begin die konsert . . .

Toe kom die groot dag. Kermisdag. Twee-uur die oggend het ons tuis gekom nadat die saal in gereedheid gebring is en sesuur was ons weer daar. Die goed vir al die stalletjies begin aankom. Motors en vragmotors vol. Die dag is mooi, die terrein is mooi en die gees is reg. Die mense begin stroom. Duisende van hulle. Om tienuur open ds. Danie Moolman, moderator synodi, die verrigtinge. Die mense staan bankvas in die saal. Buite is nog duisende meer. Dit is so vol dat jy nie kan beweeg nie. En die geld loop. Buite in 'n woonwa sit Amandus Strydom en Estienne Postma. Hulle is die bank. As jy daar kom, is daar twee tot drie voor jou besig om in te betaal. Heeldag lank.

Natuurlik was daar ook die snaakse voorvalle. By die veiling is haas enigiets te koop aangebied. Terloops, dit is daar waar Johannes sy naam verloor het - voortaan sou hy Auction van der Merwe heet.

Die goed het van oral gekom. Daar was 'n gehawende ou warmwatersilinder en 'n geroeste ou yskas wat as geskenk uit een van die smal, steil agterstraatjies van die middestad gekom het. George Stulting het sy misnoeë daaroor te kenne gegee. Sulke rommel doen afbreuk aan die prestige van ons gemeente.

Auction van der Merwe stap na Dirk Snyman om te sê hulle moet liewer maar die ou goed verwyder. "Wat?" sê Dirk, "ek het nou net die silinder vir R5 verkoop!" En daar is die trotse eienaar van die silinder besig om dit sorgvuldig op sy motor se dak te laai, pragtig verpak met skuimrubber.

En die ou yskas? Dit is op die veiling vir 5c verkoop. Die hoogste bieër was Dirk Snyman se seun. Toe kos dit Dirk om nog die ou ding na sy huis toe aan te karwei . . .



# Kermis

# -2025-













































## “Fun Facts” Ons 2025-Kermis in Syfers

- Looitjie Kaartjies: **1724**
- Pretloop-deelnemers: **330**
- Pannekoeke: **3200**
- Spitkoeke: **700**
- Kerrie & Rys: **135**
- Skroefaartappels: **145**
- Poeding: **145**
- Cappuccinos: **174**
- Vetkoeke: **160**
- Jaffels: **637**
- Potjiekospotte: **11**
- Brekkie Buns: **92**
- **Wins: R197 000**
- Pretdraf vir Bybelgenootskap: **R15 900**



# Kermis
# -2025-















# Hier is ons Wenners!



- **Eerste Prys : Skootrekenaar**

  ***-Jean-Marï Oberholzer-***

- Tweede Prys: 2 Nagte by Zuurberg Inn, Addo

  ***-Liné Redpath-***

- Derde Prys: 2 Nagte by Nine Oaks, Paarl

  ***-Jacques van Rensburg-***

- Vierde Prys: Een Lam Opgesny

  ***-Micayla Ferreira-***

- Vyfde Prys: Sunridge Village Koopbewys van R500

  ***-Hannes Vlok-***

- Sesde Prys: Sunridge Village Koopbewys van R500

  ***-Clint Jackson***

# Baie Geluk!













# Uit My Kombuis

## 20 Pannekoeke Resep



**Bestanddele:**

500 g koekmeelblom
450 ml water
150 ml olie
3 eiers
12.5 ml asyn
6.2 ml sout
12.5 ml bakpoeier

**Metode:**

-Meng die meel en die water

-Klits die olie, eiers, asyn en sout saam

-Meng die twee groepe saam. Die deeg kan oornag of 'n rukkie staan voor bak.

-Bak in 'n warm pan

-Bedien met kaneelsuiker of vulsel

***-Deur Gert & Elizma Harmse-***

---

## Kraggakamma se Jaffelresep

**Benodigdhede:**

**1.** Witbrood (groot snye – SASKO PREMIUM)
Een brood = 16 snye (kante/korsies uitgesluit)

**2.** SPAR volvet margarien (smeer elke sny net aan die buitekant)

**3.** Gaar maalvleis soos resep

**4.** Gebruik 80 ml maatkoppie om maalvleis mee af te meet (effens hoogvol)

**5.** Spuit jaffelpan met Spray and Cook of smeer met bietjie olyfolie

**NOTA: 2 kg gaar maalvleis en 5 brode = +/- 40 jaffels (80 ml gaar maalvleis per jaffel)**



**Bestanddele:**

2 kg maalvleis
400 g uie opgekap
400 g gemengde groente
800 g aartappels in klein blokkies opgesny
10 ml borrie
40 ml kerrie (Rajah medium)
1 vleisblokkie
150 ml blatjang
150 ml appelkooskonfyt
150 ml asyn
Sout na smaak (+/- 20 ml)
Peper
+/-100 ml suiker

**Metode:**

1. Braai vleis en uie saam
2. Kook groente in borriewater tot sag
3. Voeg ander bestanddele by vleis en kook deur
4. Voeg groente by
5. Indien nodig, verdik met soppoeier of Maizena

***NB!***

***Dit is belangrik om by die volgorde van die metode te hou.***
***As die kerrie/borrie by rou groente gevoeg word, is dit geneig om hard te bly.***

***-Deur Noelene Pieterse-***

# Herlaai & Hoop – Jeugmentors vier hul Halfjaar-Mylpaal

Op Maandagaand, 23 Junie, het die Kraggakamma jeugmentors hul halfjaar-funksie by San Fernando's in Sunridge Village gevier. Die aand was 'n warm kuier vol geurige pizza, glasies wyn en opregte geselskap – 'n toevlug vir die siel en herlaai vir elke hart.

Te midde van lag en luim het die mentors mekaar bemoedig, hulle batterye herlaai en hulle toewyding hernu vir die kinders wat op hulle steun. Hierdie groep straal nie net leierskap uit nie, maar ook 'n roeping om 'n verskil te maak.

"Dankie vir die groot bederf!"

Nou, op die vooraand van die tweede helfte van 2025, staan hulle gereed om weer met liefde en energie te dien.




## 5 Dinge wat ek sover as Gr 12-leerder in 2025 geleer het



***-Deur Ané Retief-***
*Ané is 'n matrikulant aan die Hoërskool Framesby en mens sien haar gewoonlik met 'n Seattle-koffie in die hand*

**1.** Neem deel aan elke moontlike aktiwiteit in jou matriekjaar! Ek belowe jy sal nie spyt wees nie.

**2.** Die Aand van genade voor jou belydenisaflegging is werklik een van die mooiste gebeurtenisse in jou geloof.

**3.** Die Here maak die nodige deure vir jou oop en jy moet Sy plan vir jou vertrou. As jy terugkyk maak alles sin, pas alles perfek in - soos 'n puzzle.

**4.** Gebruik die gawes wat die Here aan jou gegee het, al plaas dit jou buite jou gemaksone. Jy sal mense se lewens aanraak en nader aan die doel vir jou lewe kom.

**5.** Die lewe is nie so ernstig nie! Lag en geniet elke oomblik. Niemand gaan oor vyf jaar die "em-barrassing" oomblik onthou nie. Leef voluit en vat kanse!

## 5 Dinge wat ek sover as eerstejaar student in 2025 geleer het



***-Deur Zanie Vlok-***
*Zanie studeer optometrie by die Universiteit van die Vrystaat en is een van vele Vlokke in ons gemeente*

**1.** Vertrou op God se plan. Jy gaan uitkom waar Hy jou wil hê en dit gaan die beste vir jou wees.

**2.** Wees altyd jouself. Jy gaan vriende maak wat jou verstaan en waardeer.

**3.** God is elke tree by jou en sorg vir jou.

**4.** Doen die goed wat uit jou comfort zone is, dit is gewoonlik baie lekker!

**5.** Wees vriendelik met almal.




# Avontuurweek

## - Ons Temas -




Die Avontuurweek was 'n kosbare tyd van saamwees, geloof en ontdekking. Met 46 toegewyde leiers en 20 ondersteunende volwassenes het 158 kinders en tieners 'n week beleef vol lag, loof en lewenslesse. Elke dag het 'n unieke energie gehad – gevul met gebede, vriendskappe wat geblom het en oomblikke van ware vreugde. Dit was nie net 'n program nie; dit was 'n herinnering dat wanneer mense saamkom in geloof, iets besonders gebeur. Ons dank elke betrokke ouer, volwassene, leier en kind vir hul deel in hierdie hemelse avontuur. Die Here het kragtig gewerk, en ons sien uit met hoop en opwinding na wat volgende jaar gaan bring.

### Dag 1:

Wanneer ons wonder . . .

**Kan ons op Jesus vertrou.**

Bybelstorie: *Jesus se doop*



### Dag 2:

Wanneer ons alleen voel . . .

**Kan ons op Jesus vertrou.**

Bybelstorie: *99 en 1 Skaap*



### Dag 3:

Wanneer ons magteloos voel . . .

**Kan ons op Jesus vertrou.**

Bybelstorie: *Daniël in die leeukuil*



### Dag 4:

Wanneer ons hoop kort . . .

**Kan ons op Jesus vertrou.**

Bybelstorie: *God sorg vir die mossies*



### Dag 5:

Wanneer ons alleen voel . . .

**Kan ons op Jesus vertrou.**

Bybelstorie: *Uitstorting van die Heilige Gees*





# Avontuurweek
## - Waar die Harte van Vol is loop die Monde van oor-
















*"My inspirasie om 'n leier te wees was verseker my leier van laas jaar.*

*Sy was 'n vreeslike lekker leier en ek is nogsteeds super mal oor haar!*

*Ek wil ook sulke memories opbou met die kinders soos ons met haar het.*

*En kyk 'n jaar terug het ons mekaar gesien en vandag weer almal vir die eerste keer gesien - al die memories het dadelik na my toe gekom toe ek haar vanoggend sien!*

*Ek geniet sover vreeslik Avontuur-week en maak dit so lekker as moontlik vir my groepie.*

*Ek doen al 7 jaar Avontuurweek en ek geniet dit nog elke jaar en wil graag vir die kinders in my groep dieselfde gee."*

*"Avontuurweek is baie lekker. Dit is baie fun.*

*Ek wil oorslaap daar, want dit is die beste ding om te doen."*

*"Dit was BAIE lekker!*

*Volgende jaar gaan ek weer kom en dan's ek 'n leier!"*

*"Avontuurweek was baie lekker en jy kan tyd spandeer met die kinders en jy kan nuwe vriende maak."*

*"Dis baie lekker, maar die kinders baklei baie. Ek het 'n paar facepaints opgemors.*

*My hoogtepunt was die facepaint.*

*Ek gaan die kinders mis.*

*Ek gaan nou rus."*

*"Die kinders is baie oulik en die munchies was baie lekker!*

*Die hoogtepunt vir my was dat die maatjies vriende maak met die ander wat hulle nie ken nie.*

*Die crafts was my gunsteling."*

*"Avontuurweek is lekker en ek hou daarvan dat mens nie lank dieselfde ding doen nie. Jy kan nie verveeld raak nie. Jy leer ook mense beter ken.*

*Dit leer my dat Jesus die Een is wat ons moet volg en ons moet Hom bo sit en dan agter Hom aanloop."*































# Avontuurweek Is ...

## Vet Pret!


























# Uit die harte van Oopkop Ouers



## 5 Dinge om te weet as jou seun wegstudeer

**1.** Die koshuiskamer is kleiner as op die foto's. Hulle het 'n wyelens kameraskoot gebruik en die vloerplan-diagram was nie op skaal nie. Daar is nie plek vir die oulike spacesaver rakkie-ding wat jy van Temu af laat kom het nie.

**2.** Ten spyte van die seniors se twyfelagtige haarstyle en simpel snorre is hulle baie vriendelik en kan 'n redelike samehangende gesprek met 'n gespanne ma voer. Hulle stel jou effe oormatig gerus dat jou blinkoog seun gelukkig gaan wees in sy nuwe huis.

**3.** Telefoniese kontak gaan in die eerste maande beperk wees tot 'n vinnige whatsapp hier en hallo daar. Merendeels vir versoeke om fondse aan te vul of as die mediese kaart gebruik moes word. WENK: As jy regtig verlang, maak melding van 'n moontlike selfoon upgrade in 'n whatsapp boodskap. Hy bel jou dadelik.

**4.** Wanneer hy vir die eerste vakansie huistoe kom, gaan jou hart vol wees. Hy gaan nuwe sêgoed hê en jy gaan beïndruk wees met die jongmens wat in tien weke sommer grootgeword het. Hy gaan egter nie dae om gesels nie . . . hy gaan rondlê en baie slaap . . . BAIE slaap.

**5.** Die einde van die eerstejaar gaan jou bekruip, en voor jy weet gaan jy ook die realiteit van moeilike eksamens, herre en die moontlikheid van 'n sleepvak moet aanvaar. Dis alles deel van die reis. Na die lang Desembervakansie (wat eintlik van November tot Februarie strek) gaan jy baie reg wees dat hy moet teruggaan na sy "ander huis". . . net om weer van voor af te verlang.

*-Deur Ignet Vosloo-*
*(Ma van 'n wegstudeer-seun)*



## 5 Redes hoekom ek Saterdae pannekoek bak by my kinders se skool

**1. Verhoudings word gebou.**
Jou kind praat gereeld van Marli of Juan, maar jy het nie 'n idee met wie hy nou eintlik sy pouses deurbring nie. En hier, in 'n Spray and Cook-wolk, staan Marli of Juan se mamma langs jou en bak.

**2. Nóg verhoudings word gebou.**
As jou kinders nie by die skool moles maak nie, sien jy hul onderwysers skaars en weet jy nie wie agter die rooi pen skuil nie. In die pannekoekkombuis kuier onderwysers en ouers op 'n gesonde manier saam en kry ouers nuwe respek vir alles wat hulle vir ons kinders doen (of verstaan ons dalk bietjie meer hoekom hulle so skel).

**3. Jou kinders leer van diensbaarheid.**
As ons eerlik is, sou meeste van ons liewer 7:00 op 'n Saterdagoggend in ons pajamas as by die skool wees. Gewapen met jou voorskoot en jou pan, leer jy jou kinders hoe om te dien.

**4. Dis "free therapy".**
Die ritme van pannekoeke wat kom en gaan en lekker gesels met ander wie se kinders ook terugpraat, nie hul selfone kan neersit nie of hou waarvan jou kinders hou, is terapeuties. Dis soms lekker om te weet jou "struggles" is doodnormaal.

**5. Pannekoekbakkers het vrye toegang tot alle "flops".**
*Need I say more?*

*-Deur Candice van Rooyen-*
*(Ma van 3 seunskinders)*



# 'n Lewe van Genade Tannie Bessie se Eeufees-herinnering

## *-In Memoriam-*



In vandag se gejaagde wêreld is dit skaars om 'n lewe van meer as 'n eeu te vier. Op 29 April het Kraggakamma Gemeente 'n buitengewone mylpaal beleef met Tannie Bessie se 101ste verjaarsdag – aandagtig gevier in die Swan by Sunridge Village. Haar verjaarsdag was 'n viering van geloof, volharding en onwrikbare liefde vir die Here.

Met Psalm 101 as die hartklop van so 'n viering, word die lewe 'n loflied: "Ek wil sing van U troue liefde en U geregtigheid . . ."

Gedurende haar lang en geseënde lewe het Tannie Bessie vasgestaan in haar geloof en vertroue in die Here.

Op 8 Julie het sy haar finale rusplek in haar Hemelse Huis gevind. Die hartseer van haar heengaan neem nie weg van die vreugde waarmee haar lewe gevier is nie. Sy bly in die herinneringe van die gemeente as een van hul langslewende lede.

Mag haar nalatenskap voortleef as 'n bron van inspirasie – 'n roep tot dankbaarheid, geloof en vreugde vir die geskenk van elke dag.

# Nog 'n Keer om die Son



## *-Spesiale Verjaarsdae-*

07 Mrt: Oom Jan Schnetler : **97**

14 Mrt: Tannie Corrie Grobbelaar: **92**

31 Mrt: Oom Chris Koen : **93**

15 Apr: Tannie Sarie Lahoud: **90**

*29 Apr: Tannie Bessie Petser: **101***

22 Jun: Tannie Elaine Greyling: **90**

01 Jul: Tannie Erika Landman: **90**

07 Jul: Oom Gert Oosthuizen: **93**

18 Jul: Tannie Judy Viljoen: **94**

*(Eggenote van Ds Viljoen – eerste predikant van Kraggakamma)*



# Welkom Kleinding!






Baie geluk aan Ds Toit, Odette en boetie Josua!

Die 5de Mei het jul gesin nóg 'n sonskynstraal ryker geword met die geboorte van Jean-Henry. Mag die kleinman elkeen van julle dae met liefde en lag vul.

# Ek het jou op jou naam geroep
# -Jy is my geliefde kind-





"Sy onfeilbare Woord is die Gids wat ons lei; deur Sy liefde bewaar Hy my."
-Lied 292-

***Rynhardt Dreyer***
-27 April 2025-



"Bokant ons begrip, verstand hou God als wat is in stand."
-Lied 190-

***Christiaan Marius Ludick***
-27 April 2025-



"Die doop is die teken dat God se krag tot ons elkeen se beskikking is."

***Miné Shawinsky***
-25 Mei 2025-



"Die doop is die teken dat God se krag tot ons elkeen se beskikking is."

***Hanru Theron***
-25 Mei 2025-

---



"Die doop is die teken dat God se krag tot ons elkeen se beskikking is."

***Carli Theron***
-25 Mei 2025-



Die lewe begin nooit by my nie, dit begin altyd by God. Hy is die hoofkarakter. Hy beloof dat hy ons God sal wees.

***Daniël de Witt***
-22 Junie 2025-



"God se liefde is die raamwerk van ons lewe."

***Johan Carl Burger***
-06 Julie 2025-

# Waarna Sien Ons Uit?

## Volgende op die kalender 2025

| Datum | Geleentheid |
|---|---|
| JUL 27 | 4-WEKE REEKS: EXIT: GROEPE UIT EKSODUS |
| AUG 03 | EXIT VAN PLEK TOT PERSOON |
| AUG 09 | BELYDENIS-KLAS KAMP COLCHESTER |
| AUG 10 | EXIT NA DIE WOESTYN |
| AUG 17 | EXIT MET RIGTING |
| AUG 17 | GEMEENTE ETE |
| SEP 12 | VIA FUNKSIE (AFRIKAANS IS 100) |
| OKT 02 | BELYDENIS-KLAS KAMP VAN STADENS |
| OKT 03 | BELYDENIS-KLAS KAMP VAN STADENS |
| OKT 03 | FAMILIE-KAMP |

50 TAALMONUMENT

# Woorde vir die Siel

